Notule gehou Rustenburg Belasting Betalers Vereniging vergadering op 18 Januarie gehou te Ou Stadsaal in Rustenburg om 18h00

Opening : Waargeneem deur Ds. Koos Venter van die Gerformeerde kerk Rustenburg.

Oorsig oor Rustenburg:

Johan Schoeman bied 'n oorsig oor Rustenburg en verduidelik die stappe wat beoog word om weer van die stad 'n voortreflike bestemming in Noord-Wes te maak

Hy gee d.m.v. 'n visuele vertoning aan die publiek van Rustenburg 'n aantal probleempunte , en vra dat ons sal saamstaan om dit op te los. Terselfdetyd vra hy dat die publiek ook hand in eie boesem sal steek en toesien dat ons self kyk of ons nie ons eie sypaadjies kan skoon sny en vuilis wegry en nie stort in openbare parke nie. Hy versoek ook die publiek om asseblief die verkeersreëls toe te pas en nie doelbewus oor stopstrate en rooi verkeersligte te jaag nie.

Sy grootste bekommernis is die groot aantal vuilis wat die dorp toesmoor en die gras wat stopstrate verberg. Die waarskuwing aan die Stadsraad dat daar nog baie mense gaan sterf of beseer raak indien ons nie daadwerklik optree om die sypaadjies skoon en netjies te kry vir veilige verkeersvloei in om die stad.

Jaap Kelder verduidelik die pad wat stadsrade volg na dispute t.o.v. dienslewering. Hy vertel aan die publiek hoe daar op nasionale vlak met stadsrade gehandel word en dat daar ondersteuning van hul kant is. Hy doen 'n beroep op die publiek om betrokke te raak in 'n verenigde proses om die Stadsraad se dienslewering dop te hou.

Carin Visser vertel aan die publiek wat sy en haar span mense as 'n vereninging in Sanieshof doen om dienslewering af te dwing. Sy noem dat sy baie teenstand kry en elke dan en wan in die hof verskyn om sake te laat klop. Haar span mense tree pro-aktief op, herstel self die infrastrutuur en doen self aanbevelings. Sy doen 'n beroep op Rustenburg om die voorsitter behulpsaam te wees in hul poging om 'n kommitte saam te stel en daadwerklik tot aksie oor te gaan.

Verkiesing van 2010 kommitee:

Johan Schoeman vra dat die publiek uit hul eie geledere na vore sal kom sodat ons 'n kommitee kan saamstel vir die huidige jaar. Die volgende persone kom na vore en dui aan dat hulle bereid is om op die kommitee te dien:

1. Johan Schoeman (Huidige Voorsitter)
2. Jo Strydom
3. AK Haffeyee
4. Charlie Graham
5. Pieter Malan

6. Hennie Joubert
7. Jody Klue
8. Francis Duminy
9. Connie Prinsloo
10. Stephan Naude
11. Yunus Alli
12. Johan de Klerk

Afsluiting:

Die publiek vra ‘n aantal vrae t.o.v. die werksaamhede van die voorgestelde Belastingsbetalers Vereninging en dui aan dat hulle met die volgende vergadering met groter getalle beskikbaar sal wees.Mnr. Johan Snyman van Toyota vra of daar sakemanne tot die vereninging toegelaat gaan word waarop die voorsitter noem dat ons in die toekoms met RAB (Rust. Besigheidskamer) sal skakel.Die moontlikheid dat ons voretoe ook met die georganiseerde Landbou sal skakel is ook genoem.

Daar is besluit dat n komitee vergadering gehou sal word op 28 Januarie 2010 te Sanlam se kantore.

Goedgekeur deur:

……

…….

Geteken op 28 Januarie 2010 te Rustenburg